# 18 Maart 2024 - Lesing 264 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

JaHshua het die brug gebou 15/2/62

**NO: 8102** Die **brug na die geesteryk** moet deur julle mense oorgegaan word, julle sal julleself moet probeer losmaak van die aardse wêreld, julle sal eens moet nadink oor die doel van julle lewe op aarde, julle sal eens daaroor moet nadink vanwaar julle gekom het en waarnatoe julle gaan.

Julle sal julleself met **geestelike gedagtes** moet besighou en dan sal julle julleself al op die brug na die geesteryk bevind. En dan sal julle ook aan die leringe dink wat julle vertel was met julle opvoeding as doel en julle sal in gedagtes ook 'n **standpunt inneem** teenoor die afsonderlike leringe.

En dan sal julle ook JaHshua Messias en Sy werk van verlossing insien, **Wie in waarheid die brug gebou het** van die aarde na die geestelike ryk.

En nou sal julle wil deurslaggewend wees of die gedagtes aan die goddelike Verlosser 'n dieper indruk op julle sal maak, want **van die kant van die ligwêreld sal hierdie gedagtes na julle toe straal** en julle hoef hulle maar net vas te gryp om 'n seën daaruit te verwerf, wat julle as mens nie in sy volle omvang sal kan besef nie.

Is julle van goeie wil, dan sal julle steeds weer op sulke gedagtes teruggryp, omdat JaHshua Messias Self julle vasgryp, sodra julle aan Hom dink en julle Sy invloed bemerk as gedagtes wat van bo kom en vra, hoe dit met die verlossingswerk gesteld is.

En sulke vrae sal ook vir julle waarlik beantwoord word, want dit is die vernaamste in die lewe op aarde, dat julle die weg na JaHshua Messias vind, **dat julle Hom as die Goddelike Verlosser erken en dus My Self in Hom herken.** Want julle sal weer vrywillig na My moet terugkeer, Wie julle eens nie meer wou erken nie.

Glo julle nou aan JaHshua Messias, dan sien julle ook in Hom vir My Self, **Wie vir julle tot 'n sigbare God geword het,** sodat hierdie erkenning vir julle maklik kan wees. Elke mens sal eens sy eie ingesteldheid teenoor JaHshua en Sy verlossingswerk duidelik moet laat word.

En daarom sal Ek steeds weer My volgelinge uitstuur in die wêreld, **wat die evangelie (van die liefde) moet verkondig** en melding moet maak van die verlossingswerk en dus oral die kennis sal bring oor Hom Wie vir die mense die brug gebou het **wat uit die ryk van die duisternis voer na die ryk van die lig**.

Hierdie twee ryke is geskei en daar bestaan **'n diep kloof** tussen hulle, wat die mense nie alleen sou kon oorbrug nie. En in die besef van die groot nood van die mense het JaHshua hierdie brug gebou, deur Sy werk van verlossing, deur Sy dood aan die kruis, **waardeur Hy die groot oerskuld van die mense gedelg het**. Hy het 'n weg gebaan wat teruglei na die Vader, na My van Wie julle almal eens uitgegaan het.

Maar sonder JaHshua Messias bestaan hierdie kloof nog en bly julle ewig in die duistere gebied, **omdat daar sonder JaHshua geen weg na buite lei nie**.

Daarom moet die mense van Hom verneem, oor Sy werk van groot Erbarming, oor Sy eindelose Liefde en dan sal hulle ook insien **dat die mens JaHshua My Self in Hom dra**, Wie die Liefde is, Wie dus My intrek in Hom geneem het. JaHshua het Homself vir Sy medemens geoffer, wat Hy nie sou kon gedoen het **as die Liefde nie in Hom sou gewees het nie**, Wie Hom die krag gegee het in Sy bitter lyding en sterwe aan die kruis, om die skuld van die mensdom te delg en vir diegene die weg vry te maak na die vaderhuis wat Sy werk van Erbarming aanneem en Hom om vergewing van die skuld vra en hulle dus ook vir My in JaHshua Self herken en erken.

**En daarom moet die mense steeds gewys word op JaHshua Messias en Sy werk van Verlossing**.

Hulle moet tot kennis kom in welke geestelike nood hulle hulleself bevind, solank hulle nog nie in Hom glo en daarom ook nog met hul oerskuld belas is. Hulle moet steeds weer verneem dat hulle **sonder JaHshua Messias nie salig kan word nie**, dat die ligryk vir hulle gesluit bly solank as wat hulle nie die weg na die kruis geneem het, **omdat hulle solank ook nog nie My Self herken het nie**, maar wat die sin en doel van hul lewe op aarde is, dat hulle weer in vrye wil op My sal afstuur Wie hulle eens vrywillig verlaat het.

Die aanleiding van hul afval was ook dat hulle My nie kon aanskou nie. **In JaHshua het Ek vir hulle 'n sigbare God geword** en in JaHshua moet hulle My nou ook erken om dan ook weer deur My aangeneem te word. En daarom moet hulle die brug betree na die geestelike ryk, want die ryk is hul ware vaderland wat nou slegs te bereik is oor die brug wat JaHshua gebou het deur Sy dood aan die kruis.

Julle mense wat verlang ernstige uitsluitsel oor die Verlossingswerk, oor die Goddelike Verlosser JaHshua Messias en Sy missie op aarde, **probeer kennis wat ooreenkom met die waarheid oor Hom te verkry** en waarlik dit sal julle ten deel val, want julle moet salig word.

**Die weg na geluksaligheid gaan via die kruis van JaHshua Messias.**

En daarom stuur Ek julle steeds weer **My volgelinge** en hulle sal getuig van Hom, hulle sal getuig van **My menswording in JaHshua** en van die grootste werk van erbarming wat die Liefde Self op aarde in die mens JaHshua volbring het. Amein.